ELDOFAM 3 WEBWERF

Nuutste byvoegings op: 2009-01-21

1. Filosofie

1.1 Uitgangspunt

Die filosofie van die webwerf spruit uit die inleiding van die gemeente se strategie:

Ons is deurlopend by uitreikaksies betrokke in ons leef- en werkomgewing deur woord, daad en voorbeeld. Mense se behoeftes is nie net geestelik nie en daarom bedien ons hulle holisties (geestelik, fisies, emosioneel, intellektueel, sosiaal). Wanneer ons uitreik na mense binne en buite ons gemeente kom daar rustigheid, kalmte en sekerheid. Ons is 'n missionêre gemeente.

Die doel van die webwerf is eerstens om die Evangelie so wyd as moontlik te versprei (uitreikaksie), en tweedens om gemeenskappe te skep en mense met mekaar te verbind.

Ons definieer gemeenskappe in die wydste sin van die woord. Dit strek van spesifieke bedieninge in die gemeente, tot belangegroepe (soos om resepte uit te ruil of 'n stapklub), tot geografies verspreide gemeenskappe wat deel van ons gemeente se belewenis wil wees.

1.2 Uitvoering

Die hooffokus van die webwerf is om betrokkenheid en belangstelling by lesers aan te wakker. Met "lesers" word enige iemand bedoel, nie noodwendig gemeentelede nie. Sodoende kan al die deelnemers deur die web ook deel van die groter familie word.

Die inklusiwiteit en "saamwees" wat hiermee bewerkstellig kan word, is net sinvol indien die webruimte baie dinamies is. Dit geskied deur van 'n verskeidenheid outeurs gebruik te maak.

Die webwerf bestaan uit drie onderskeibare, maar verweefde dele:

- Bediening: Dit is die hoofsegment. Hier kan gebruikers "kos vir die siel" kry. Dit kan bestaan uit teksuitlegte, gedagte vir die dag, preke in klank of teks, ens.
- Gemeentenuus: Dit is baie wyd en behels die normale dag-tot-dag nuus (wat gebeur volgende Sondag), lief en leed, nuus oor en terugvoer van bedieninge, ens.
- Algemeen: Dit kan uit enige iets bestaan, soos 'n fotografieblad, kampeerwenke en –geleenthede, huidige winskopies, hoeveel het dit in Eldoraigne gereën, nuwe geestelike musiek op die rakke, ens. Die doel van hierdie segment is hoofsaaklik om mense na die webruimte te trek en om gemeenskappe met dieselfde belangstellings te skep.

1.3 Styl

Die styl van die webwerf is informeel en onopgesmuk. Die teks is maklik om te lees en te verstaan sonder onnodige teologiese of tegniese kompleksiteit.

Die oogmerk is dat die webwerf bestaan hoofsaaklik uit oorspronklike materiaal sal bestaan.

2. Teikenmark

Die teikenmark bestaan uit die volgende segmente:

- Gemeentelede
- Christene wat nie in ons gemeente is nie
- Belangegroepe
- Mense wat nie tans aktief deel van ‘n gemeente is nie
- Nie-Christene

Die teikenmark kan ten beste voorgestel word op Gray se matriks. (Kyk figuur)

Volgens hierdie matriks word mense in een van vier groepe verdeel, gebaseer of hulle **toe** of **oop** is vir die Evangelie, en of hulle **geen** of baie **kennis** het van die Evangelie. Die webwerf se teikengroep lê hoofsaaklik in blokke D en C.



Met ander woorde, die mense wat ons teiken is relatief oop om die Evangelie te ontvang, maar hul kennisvlak van die Evangelie wissel van min tot baie. Hieruit kan ons sien dat dit nie tans spesifiek die doel is om byvoorbeeld Hindus of Jode te beaarbei deur die webwerf nie (onder die aanname hulle is nie oop vir die Evangelie nie).

Die leesstof op die blad is daarop gemik om vir mense met min kennis van die Evangelie meer kennis te verskaf, en om mense met baie kennis te betrek om hul kennis met ander te deel. Aangesien hulle ontvanklik/oop is, is dit nie nodig om hewige argumente aan te voer nie en kan hoofsaaklik op die Boodskap gefokus word.